EKSTERNE ADVERTENSIE

'n Gulde geleentheid om deel te word van die unieke bekoring van Namakwaland en haar mense!

Met haar hoofkantoor in Springbok en streekkantoor in Calvinia, Noord-Kaap, is 'n regstellende aksie-werkgewer. Aansoeke, op die Raad se voorgeskrewe aansoekvorm, wat by Ontvangs of op die Raad se webwerf (sien onderaan advertensie) verkrygbaar is, word tans van bevoegde persone ingewag vir aanstelling in ondergenoemde vakatures op **Springbok**.

1 x FINANSIËLE INTERN
Verwysing: 6 /2021
Kontrakpos vir 2 jaar

VEREISTES EN ONDERVINDING: • 'n Toepaslike driejarige tersiêre kwalifikasie (graad of diploma) in 'n finansiële rigting • Finansiële Bestuur, Bestuursrekeningkunde, Plaaslike Owerheidsfinansies of Finansiële Rekeningkunde as hoofvak in finale jaar • Rekenaargeletterdheid (heg bewysstuk aan) • Redelike skriftelike en mondelinge kommunikasievaardighede.

SLEUTEL PRESTASIE AREAS: • Suksesvolle kandidate sal hoofsaaklik in die sleuteltake van die Finansies Afdeling van die Namakwa Distriksmunisipaliteit opgelei word om te verseker dat hulle die nodige kundigheid ontwikkel.

SALARIS: • R 100 000 (alles insluitende pakket) per jaar

ALGEMEEN: • Voordele soos medies, pensioen en groeplewensversekering word ook aangebied en is deel van die allesinsluitende pakket • Oorspronklik gesertifiseerde afskrifte van u identiteitsdokument, kwalifikasies, rybewys en twee onlangse verwysings of getuigskrifte jonger as 1 jaar, tesame met 'n volledige Curriculum Vitae, moet u aansoek vergesel • **ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL NIE OORWEEG WORD NIE** • Indien u nie binne 14 dae vanaf sluitingsdatum van ons hoor nie, moet u die aansoek as onsuksesvol aanvaar • Geen fakse, e-pos en laat aansoeke sal oorweeg word nie • Kandidate wat nie aan vereistes voldoen nie, hoef nie aansoek te doen nie • Aansoekvorms moet onderteken wees • **DIE VOORGESKREWE AANSOEKVORM VAN NDM MOET VOLTOOI WORD EN NIE 'n Z83 VORM NIE** • 'n Aparte aansoekvorm met nodige bewysstukke word vir elke pos vereis • Aansoeke moet die Springbok kantoor bereik voor/op die sluitingsdatum en -tyd soos aangedui • Suksesvolle kandidate moet by SAID registreer wees of hulle self registreer en bewys van registrasie moet ingedien word • **VROUE, JEUGDIGES EN PERSONE MET GESTREMDHEDE IS WELKOM OM AANSOEK TE DOEN. KANDIDATE SAL ONDERWERP WORD AAN SEKURITEITSKLARING.**

RIG NAVRAE AAN:

Rajiv Datadin
Hoof Finansiële Beampte
Tel: (027) 712 8000, Faks: (027) 712 8040
E-pos: rajivd@namakwa-dm.gov.za

RIG AANSOEKE AAN:

Die Munisipale Bestuurder
Namakwa Distriksmunisipaliteit
Privaat Sak X20
SPRINGBOK
8240 en meld die relevante verwysingsnommer

Web: www.namakwa-dm.gov.za

SLUITINGSDATUM: 30 April 2021 OM 12:00